Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

LUG JOU MENING
OPENBARE VERHORE EN VOORLEGGINGS OOR DIE EERSTE WYSIGINGSWETSONTWERP OP DIE GRONDWET VAN DIE WES-KAAP [W 1–2021]

Die Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement nooi belanghebbendes, belangstellende persone en organisasies uit om voorleggings oor die Eerste Wysigingswetsontwerp op die Grondwet van die Wes-Kaap [W 1–2021] te maak.

Die doel van die Wysigingswetsontwerp is om die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997, te wysig ten einde dit in ooreenstemming te bring met die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, met betrekking tot die verlies van lidmaatskap van die Provinsiale Parlement, die uitskryf van, en die bepaling van datums vir, 'n verkiesing van die Provinsiale Parlement, die omskrywing van 'n Geldwetsontwerp, provinsiale ingryping in plaaslike regering, die oplê van bobelastings deur die Provinsiale Parlement en die aangaan van lenings deur die Wes-Kaapse regering; om die bepalings betreffende die Omgewingskommissaris te herroep; om verwysings na die President van die Konstitusionele Hof te vervang; om bepaalde tekstuele veranderinge aan te bring; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Belanghebbendes, belangstellende persone en organisasies wat mondelinge voorleggings wil maak, kan dit as stemnotas op WhatsApp (selfoonnommer: 082 372 7463) indien. Mondelinge voorleggings moet volledige kontakbesonderhede (naam en van, e-posadres en kontaknommer) insluit.

Versoeke om voor die Staande Komitee te verskyn om mondelinge voorleggings te maak, moet die Prosedurebeampte voor die datum van die openbare verhoor bereik. Skriftelike kommentaar moet die Staande Komitee bereik teen nie later nie as Maandag 31 Mei 2021.

Die openbare verhore sal soos volg plaasvind:

DATUM	TYD	PLEK	FORMAAT
Dinsdag 11 Mei 2021	15:00–17:00	Stadsaal Marshstraat 101 Mosselbaai	In persoon: Sien plek
Woensdag 12 Mei 2021	15:00–17:00	Hoërskool George Plaatjiesstraat 2 Levallia George	HIBRIED Virtueel: Versoek skakel In persoon: Sien plek
Dinsdag 18 Mei 2021	15:30–18:00	Dial Rock-saal Albatrosstraat Saldanhabaai	HIBRIED Virtueel: Versoek skakel In persoon: Sien plek
Woensdag 26 Mei 2021	15:30–18:00	Raadsaal (sesde verdieping) Provinsiale Wetgewer-gebou Waalstraat 7 Kaapstad	HIBRIED Virtueel: Versoek skakel In persoon: Sien plek

Vir navrae of om ’n afskrif van die Wysigingswetsontwerp aan te vra, kontrak asseblief me Waseemah Kamish-Achmat, Prosedurebeampte, by tel: 083 462 4803 of e-pos: wachmat@wcpp.gov.za.

Uitgereik deur: Mnr R Mackenzie (LPP), Voorsitter van die Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede.